

Address by Prof H Russel Botman, Rector and Vice-Chancellor, at the first graduation awards ceremony for December 2008

Respected members of University Council, members of management, honored guests, all our graduates, ladies and gentlemen, good morning and welcome to the first graduation awards ceremony of December 2008.

Let me begin by extending my heartiest congratulations to all of you who are graduating here today and particularly to the parents and guardians and friends and family who have supported them over the years to bring them to the point here today where they are awarded with a degree or qualification that will set them well on their way to successful careers in their different fields of study.

You are graduating at a time in the history of our modern age that is characterized by turmoil, uncertainty and flux on virtually every terrain of our existence – from politics to the economy; from civil liberties to our judicial system; and from education and the socio-political challenges that we face to the entire health care and social welfare of our society.

Let's me mention a few of the challenges that we face: the credit squeeze that has affected the bulk of western economies and the disastrous impact it has had on all the major western economies and on many people in many parts of the world; civil unrest, the erosion of human rights, atrocities like genocide and ethnic cleansing and civil war in multiple hot spots in Africa and elsewhere in the world. And closer to home the political differences in the ruling party that is threatening the very essence of our democracy; not to mention the Aids-pandemic, here and throughout Africa, that is still hovering at levels that are unacceptably high; the growing rate of unemployment in our country; and the shocking levels of violence against women and children still prevailing in our society – and that is to mention but a few. It is as a picture of sheer hopelessness and the question that we in tertiary education should be grappling with is how do we overcome this *malaise*? Is there an answer to all these challenges that will provide hope in this age of hopelessness? And what is our role in bringing hope and building a brighter future for all our people?

Ek gaan nie die waan probeer skep of te kenne gee dat ek oor al die antwoorde beskik nie, maar ek dink darem as Rektor van hierdie belangrike Universiteit, kan ek met u 'n paar uitdagings deel.

Hierdie Universiteit het as missie standpunt al geruime tyd die oortuiging begin leef dat ons ons bemoei met die ontginning van kennis en die aanwending van nuwe kennis ter verbetering van die lewenskwaliteit van al ons mense. Ons gebruik ons kundigheid, vermoëns, nuwe insigte, ons hulpbronne ons tyd en energie om aktuele probleme te pak, na te vors en oplossings aan die hand te doen wat wesenlike verandering en verbetering in ons omliggende gemeenskappe en ons wye streek moet bewerkstellig.

Getrou aan hierdie strewe het die interne universiteitsgemeenskap – die Bestuur, die akademici en die steundiensomgeswings – ’n plan van aksie saamgestel wat hierdie Universiteit fokus en rat vir diensbaarheid aan ons omliggende gemeenskappe op ’n skaal wat die Universiteit nie net op die voorstoep van gemeenskappe gaan bring nie, maar letterlik daardie gemeenskappe deel gaan maak van die kernaktiwiteite van leer en onderrig, navorsing en gemeenskapsinteraksie. Ek wil een strategiese inisiatief uitlig uit ’n twintigtal om my punt te illustreer – nie omdat dit die beste inisiatief van die gros is nie – alhoewel die Dekaan van die Fakulteit Gesondheidswetenskappe so sal sê – maar doodeenvoudig omdat dit ’n inisiatief is waarmee al die graduandi vandag hier, baie vertrou is.

Dit is die Ukwanda-projek met sy bekende mediesesorg- en kliniesediens-opleidingskomponente op dorpe soos Worcester, Hermanus en Bredasdorp. Oor die afgelope jare het Ukwanda op ’n mikroskaal die diensbaarheid van die Universiteit Stellenbosch in hierdie Bolandse dorpe verteenwoordig. Hierdie kleinskaalse betrokkenheid gaan oor die volgende paar jaar ’n makro gedaanteverwisseling ondergaan.

Waarom ons nou werk – met die steun van die Fakulteit Gesondheidswetenskappe en met die hulp van die Dekaan – is om bo-op en bo-oor die grondleggingswerk van Ukwanda ’n uitgebreide en multidimensionele Landelike Dienssentrum te span wat dissiplines soos mediese sorg, regshulpdienste, studiehulp en studieleiding aan leerlinge, leerkragte en skole sal bied, akademiese steundienste en ’n string ander transdissiplinêre fasette sal omvat. Daarmee brei ons ons wortels en ons betrokkenheid uit in ons Bolandse gemeenskappe en ons omliggende dorpe, maar terselfdertyd skep dit relevante navorsingsprojekte en aktuele leermateriaal en leerprogramme wat oor verskeie dissiplines strek. En ons gaan dit nie net beperk tot die Boland nie. Hierdie inisiatief sal in sy volle omvang en wydlopendheid oor groot dele van Suid-Kaap en die die Kaapse Weskus uitgebrei word.

Ons hele leeraanbod en leerprogram gaan dus afgestem wees op lewenskwaliteitsverheffing, nuwe geleenthede, nuwe horisonne en ’n toekoms van hoop vir almal. Dit is die hart en wese van ’n instansie soos ons sin wat werk met ’n Pedagogie van Hoop.

En nou my uitdaging aan al hierdie professionele mense wat vandag hier sit om hul formele kwalifikasies te ontvang – mense wat ’n eed van toewyding, diensbaarheid en die verbetering van die lewensgehalte van mense as hul roeping en primêre taak aflê.

My versoek is eenvoudig: met al die kennis waarmee julle juisself toegerus het oor die jare van studie dra julle nie net die kiem van hoop en ’n beter lewe vir juisself en julle onmiddellike families nie, maar julle kan ambassadeurs van hoop wees in

julle kontak en behandeling van al die mense met wie julle daagliks in aanraking kom. Stellenbosch graduates are more than rays of hope, they personify hope and it is my plea that you go out with this ambassadorial duty of a Matie that brings hope to many people.

In closing: Remember the future has always been about making the impossible possible. Dr Lim Kok Wing of the Limkokwing University of Creative Technology in Malaysia says: "The future belongs to those who do not simply accept things that are handed down and never take the easy way out. Those who choose not to do ordinary things are always the ones to achieve extraordinary success."

I think I have aptly pointed out to you that you are our ambassadors and that you carry the hope and futures of many people in your hands.